(d) meer as vier stinkbrandballe (of stukkies balle gelyk aan vier stinkbrandballe) per 100 g koring bevat;

"**uitgeloopte korrels**" koringkorrels waarin ontkieming so ver gevorder het dat die vel wat die kiem bedek, gebreek is of die ontwikkelende worteltjies duidelik sigbaar is;

"**valgetal**" die tydperk in sekondes volgens Hagberg-Perten as 'n maatstaf van die graad van Alfa-amilase aktiwiteit in graan en meel; en

"**vreemde stowwe**" alle materiaal behalwe koring, ander graan en ongedorste are.

Beperkings op verkoop van koring

2. (1) Niemand mag 'n besending koring in die Republiek van Suid-Afrika verkoop nie—

(a) tensy die koring verkoop word volgens die klasse en, waar van toepassing, subklasse in regulasie 3 uiteengesit;

(b) tensy die koring voldoen aan die standaarde vir die betrokke klas en, waar van toepassing, subklas in regulasie 4 uiteengesit;

(c) tensy die koring, waar van toepassing, voldoen aan die grade van koring en standaarde vir grade in regulasies 5 en 6 onderskeidelik uiteengesit;

(d) tensy die koring verpak is volgens die verpakkingsvereistes in regulasie 7 uiteengesit;

(e) tensy die houers of verkoopsdokumente, na gelang van die geval, gemerk is in ooreenstemming met die merkvereistes in regulasie 8 uiteengesit; en

(f) indien sodanige koring 'n stof bevat wat dit ongeskik maak vir menslike verbruik of vir verwerking tot of aanwending daarvan as voedsel of voer.

(2) Die Uitvoerende Beampte kan iemand skriftelik, in die geheel of gedeeltelik, op die voorwaardes wat hy of sy nodig ag, van die bepalings van subregulasie (1) vrystel.

DEEL I

GEHALTESTANDAARDE

Klasse en subklasse koring

3. (1) Die klasse koring is—

(a) Klas Broodkoring;

(b) Klas Beskuitjiekoring;

(c) Klas Durumkoring; en

(d) Klas Ander Koring.

(2) Klas Broodkoring word in die volgende drie subklasse ingedeel:

(a) Broodkoring Premie;

(b) Broodkoring Standaard; en

(c) Broodkoring Laag.

Standaarde vir klasse en subklasse

4. (1) Nieteenstaande die bepalings van subregulasies (2), (3), (4) en (5), moet alle besendings koring—

(a) vry wees van enige toksiene, chemiese of ander stowwe wat dit ongeskik vir kommersiële doeleindes maak: Met dien verstande dat hoogstens 10 mikrogram per kilogram aflatoksien waarvan aflatoksien B1 hoogstens 5 mikrogram per kilogram is, toelaatbaar is;

(b) nie meer skadelike sade of *Ergot sclerotia* bevat as wat toegelaat word kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972) nie;

(c) vry wees van sigbare skimmel sowel as van suur- en galsterige graan en enige ander materiaal, en enige reuk, smaak of kleur wat nie eie aan ongeskonde en gesonde koring is nie;

(d) hoogstens twee insekte per twee kilogram bevat: Met dien verstande dat 'n maksimum van 10 insekte per houer toelaatbaar is;

(e) vry wees van stinkbrandbesmetting; en

(f) met die uitsondering van Klas Ander Koring, 'n voginhoud van hoogstens 13 persent hê.

(2) (a) 'n Besending koring word as Klas Broodkoring geklassifiseer indien—

(i) dit bestaan uit minstens 95 persent (m/m) van een of meer van die broodkoringkultivars in die kultivarlys bepaal; en

(ii) dit voldoen aan die standaarde vir een van die subklasse van Klas Broodkoring in paragraaf (b) uiteengesit; en

(iii) dit voldoen aan die standaarde vir Supergraad, Graad 1, Graad 2 of Utiliteitsgraad in regulasie 6 uiteengesit.

(b) Klas Broodkoring word geklassifiseer as Subklas—

(i) Broodkoring Premie indien dit 'n minimum van 12 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat;

(ii) Broodkoring Standaard indien dit 'n minimum van 10 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat; of

(iii) Broodkoring Laag indien dit 'n minimum van 9 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat.

(3) 'n Besending koring word as Klas Beskuitjiekoring geklassifiseer indien—

(a) dit bestaan uit minstens 95 persent (m/m) van een of meer van die beskuitjiekoringkultivars in die kultivarlys bepaal; en

(b) dit voldoen aan die standaarde vir Graad 1 of Graad 2 in regulasie 6 uiteengesit.

(4) 'n Besending koring word as Klas Durumkoring geklassifiseer indien—

(a) dit bestaan uit minstens 95 persent (m/m) van een of meer van die durumkoringkultivars in die kultivarlys bepaal; en

(b) dit voldoen aan die standaarde vir Supergraad, Graad 1 of Graad 2 in regulasie 6 uiteengesit.

(5) 'n Besending koring word as Klas Ander Koring geklassifiseer indien dit nie voldoen aan die standaarde vir Klas Broodkoring, Klas Beskuitjiekoring of Klas Durumkoring nie.

Grade koring

5. (1) Die grade vir die verskillende klasse koring is soos volg:

(a) Klas Broodkoring—

(i) Supergraad;

(ii) Graad 1;

(iii) Graad 2; en

(iv) Utiliteitsgraad.

(b) Klas Beskuitjiekoring—

(i) Graad 1; en

(ii) Graad 2.

(c) Klas Durumkoring—

(i) Supergraad;

(ii) Graad 1; en

(iii) Graad 2.

(2) Geen grade word vir Klas Ander Koring bepaal nie.

Standaarde vir grade koring

6. (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2), (3) en (4) word 'n besending koring gegradeer as—

(a) Supergraad indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie in kolom 2 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie;

(b) Graad 1 indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie in kolom 3 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie;

(c) Graad 2 indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie in kolom 4 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie; en

(d) Utiliteitsgraad indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie in kolom 5 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie.

(2) Die minimum hektolitermassas vir die verskillende grade is soos volg:

(a) Supergraad—79 kg.

(b) Graad 1—76 kg.

(c) Graad 2—74 kg.

(d) Utiliteitsgraad—70 kg.

(3) (a) Supergraad, Graad 1 en Graad 2 moet, in die geval van Klas Broodkoring en Klas Durumkoring, 'n minimum valgetalwaarde hê van nie minder as 250 sekondes nie; en

(b) Utiliteitsgraad moet, in die geval van Klas Broodkoring, 'n minimum valgetalwaarde hê van nie minder as 150 sekondes nie.

(4) Klas Durumkoring moet—

(a) in die geval van Supergraad,—

(i) 'n minimum of 14 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat; en

(ii) 'n minimum van 90 persent horingagtige korrels bevat;

(b) in die geval van Graad 1,—

(i) 'n minimum of 13 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat; en

(ii) 'n minimum van 80 persent horingagtige korrels bevat; en

(c) in die geval van Graad 2,—

(i) 'n minimum van 12 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat; en

(ii) 'n minimum van 70 persent horingagtige korrels bevat.

DEEL II

VERPAKKINGS- EN MERKVEREISTES

Verpakkingsvereistes

7. Koring van verskillende klasse moet in verskillende houers verpak word.

Merkvereistes

8. (1) Elke houer of die meegaande verkoopsdokumente van 'n besending koring moet gemerk of geëndosseer word, met behulp van gepaste simbole in subregulasie (2) bepaal, met—

(a) die klas van die koring;

(b) die subklas, in die geval van Klas Broodkoring; en

(c) die graad, in die geval van Klas Broodkoring, Klas Beskuitjiekoring en Klas Durumkoring.

(2) Die simbole in subregulasie (1) bedoel moet in die orde van klas en, waar van toepassing, subklas, en graad, aangedui word.

(3) Die simbole gebruik as aanduiding van die verskillende—

(a) klasse is—

(i) B in die geval van Klas Broodkoring;

(ii) C in die geval van Klas Beskuitjiekoring;

(iii) D in die geval van Klas Durumkoring; en

(iv) O in die geval van Klas Ander Koring;

(b) subklasse is—

(i) P in die geval van Subklas Broodkoring Premie;

(ii) S in die geval van Subklas Broodkoring Standaard; en

(iii) L in die geval van Subklas Broodkoring Laag; en

(c) grade is—

(i) S in die geval van Super Graad;

(ii) 1 in die geval van Graad 1;

(iii) 2 in die geval van Graad 2; en

(iv) UT in die geval van Utiliteitsgraad.

DEEL III

MONSTERNEMING

Verkryging van monster

9. (1) 'n Monster van 'n besending koring word—

(a) in die geval van koring in sakke gelewer en behoudens regulasie 10, verkry deur minstens tien persent van die sakke, ewekansig uit daardie besending gekies, met 'n saksteker te bemonster: Met dien verstande dat minstens 25 sakke in 'n besending bemonster word en waar 'n besending uit minder as 25 sakke bestaan, al die sakke in daardie besending bemonster word; en

(b) in die geval van koring in losmaat gelewer en behoudens regulasie 10, verkry deur daardie besending deur die volle diepte, by minstens ses verskillende plekke, ewekansig in daardie losmaathoeveelheid uitgekies, met 'n losmaat-monsternemingsapparaat te bemonster.

(2) Die gesamentlike monster in subregulasie (1) (a) of (b) verkry, moet—

(a) 'n totale massa van minstens 10 kg hê; en

(b) deeglik gemeng word voor verdere ondersoek.

(3) Indien vermoed word dat die monster in subregulasie (1) (a) bedoel, nie verteenwoordigend van daardie besending is nie, word 'n addisionele vyf persent van die oorblywende sakke, ewekansig uit daardie besending gekies, in 'n geskikte losmaathouer uitgegooi en bemonster op die wyse in subregulasie (1) (b) beoog.

(4) 'n Monster ingevolge hierdie regulasies geneem, word geag verteenwoordigend te wees van die besending waaruit dit geneem is.

(5) In die geval van arbitrasie, moet die koper en verkoper oor die losmaatmonsternemingsapparaat ooreenkom.

Monsterneming indien inhoud verskil

10. (1) Indien dit blyk, na 'n ondersoek van die koring wat ingevolge regulasie 9 (1) (a) uit verskillende sakke in 'n besending geneem is, dat die inhoud van daardie sakke wesenlik verskil, word—

(a) die onderskeie sakke van mekaar geskei;

(b) al die sakke in die betrokke besending met 'n saksteker bemonster ten einde sodanige skeiding te doen; en

(c) elke groep sakke met 'n soortgelyke inhoud in daardie besending vir die doeleindes van hierdie regulasies geag 'n afsonderlike besending te wees.

(2) Indien, nadat met die aflaai van 'n besending koring in losmaat begin is, daar vermoed word dat die besending van 'n ander klas, subklas of graad kan wees as wat met behulp van die aanvanklike bemonstering bepaal is, word die aflaaiproses onmiddellik gestaak en word die deel van die besending wat in die losmaathouer oorbly asook die koring wat reeds in die opvangbak gestort is, van vooraf met 'n losmaatmonsternemingsapparaat bemonster of deur met 'n geskikte houer, met gereelde tussenposes, uit die stroom van die koring wat in losmaat vloei, op te vang.

Werkmonster

11. 'n Werkmonster word verkry deur die verteenwoordigende monster van die besending volgens die ICC ("International Association for Cereal Chemistry") 101 (Goedgekeur 1960) metode, te verdeel.

DEEL IV

BEPALING VAN ANDER STOWWE

Bepaling van ongewenste reuke en skadelike stowwe

12. 'n Besending koring of monster van 'n besending koring word sintuiglik beoordeel of skeikundig ontleed ten einde te bepaal—

(a) of dit 'n stof bevat wat die koring ongeskik maak vir menslike verbruik of vir verwerking tot of aanwending as voedsel of voer; en

(b) of dit 'n muwwe, suur, galsterige of ander ongewenste reuk het: Met dien verstande dat 'n werkmonster ongesifte koring met 'n graanmeul tot 'n fyn meel gemaal vir die betrokke beoordeling gebruik kan word.

DEEL V

BEPALING VAN KLAS, HEKTOLITERMASSA, HORINGAGTIGE KORRELS, VOGINHOUD, PROTEÏENINHOUD EN VALGETAL

Bepaling van klas

13. Die klas van 'n besending koring word soos volg bepaal:

(a) Verkry 'n werkmonster van minstens 500 g en sif die werkmonster op die wyse soos in regulasie 19 bepaal.

(b) Neem minstens 100 g van die gesifte koring en verwyder alle ander graan, ongedorste are en vreemde stowwe met die hand.

(c) Verkry duplikaat werkmonsters van minstens 25 g elk nadat alle ander graan, ongedorste are en vreemde stowwe verwyder is en skei die verskillende kultivars.

(d) Bepaal die massa van elk van die betrokke kultivars en druk die massa aldus bepaal uit as 'n persentasie van die betrokke duplikaatwerkmonster.

(e) Indien die persentasies van die duplikaatwerkmonsters in paragraaf (d) verkry met meer as 0,5 persent verskil, moet 'n addisionele bepaling op 'n ander 500 g werkmonster gedoen word en is die bepalings van paragrawe (a), (b), (c) en (d) *mutatis mutandis* op die addisionele monster van toepassing.

(f) Bepaal die gemiddeld van die persentasies in paragraaf (d) of (e), na gelang van die geval, verkry.

(g) Sodanige gemiddeld verteenwoordig die persentasie van die spesifieke kultivar in die besending.

(h) Bepaal die som van die persentasies van alle kultivars wat volgens die kultivarlys aan dieselfde klas behoort.

Bepaling van hektolitermassa

14. (1) Die hektolitermassa van 'n besending koring word bepaal volgens die Tweevlaktregtermetode.

(2) Die standaardapparaat vir hierdie metode is die volgende:

(a) Enige laboratoriummassameter met 'n akkuraatheid van 0,1 g of 'n vier-in-een-massameter.

(b) 'n Emmer met 'n binnehoogte van 123 mm en 'n inhoudsvermoë van 500 mℓ.

(c) 'n Tweevlaktregterapparaat wat uit die volgende bestaan:

(i) 'n Keëlvormige tregter met 'n swaaiklep aan die nou end, 'n hoogte van 226 mm, 'n bo-deursnee van 91,4 mm en 'n klepopeningdeursnee van 28,5 mm.

(ii) 'n Stewige ovaalvormige metaalvoetstuk met 'n verhogie aan elke punt van die lang-as daarvan en met 'n ronde metaalstaaf wat vertikaal in die voetstuk halfpad tussen die middelpunte van die twee verhogies ingeskroef word.

(iii) 'n Metaalarm waarvan een end aan die tregter en die ander end oor die regop metaalstaaf waaromheen dit kan swaai, geheg word.

(d) 'n Houtskraper 10 mm dik, 40 mm breed en minstens 100 mm lank en waarvan minstens een van die rande goed gerond, maar nie afgeslyt is nie.

(3) Die hektolitermassa word soos volg bepaal:

(a) Plaas die apparaat in sy geheel op 'n harde, gladde, gelyk oppervlak wat nie gestamp of geskud kan word nie.

(b) Vul die tregter met ongesifte koring wat verkry is vanaf die monster van die besending en skraap dit af sodat die tregter net gelyk vol is.

(c) Plaas dan die emmer op die hoogste verhogie van die voetstuk sodat die bodem se middelpunt direk onder dié van die tregterklep is, die afstand van die klepopening tot by die rand van die emmer ongeveer 30 mm is en die emmer vas op die verhogie staan.

(d) Stoot die tregterklep met 'n vinnige swaaibeweging wyd oop sodat die koring die emmer volmaak en aan alle kante oorloop.

(e) Swaai die tregter weg van die emmer sonder om die emmer te stamp of teen die emmer te stoot.

(f) Skraap dan die oortollige koring met 'n skraper van die emmer af deur die emmer stewig met die een hand vas te hou, en die skraper versigtig maar ferm op die rand van die emmer te plaas en met een stewige beweging dwarsoor die rand te stoot sodat die emmer net gelykvol met koring is: Met dien verstande dat indien 'n skraper 'n ronde sowel as 'n skerp rand het, slegs die ronde rand vir die skraapwerk gebruik mag word.

(g) Gooi die inhoud van die emmer in die pan van die massameter wat, na gelang van die geval, vooraf gezero of gebalanseer is en bepaal die hektolitermassa daarvan: Met dien verstande dat indien 'n massameter gebruik word wat nie vir hektoliter gekalibreer is nie, die hektolitermassa bereken word deur van die volgende formule gebruik te maak:

$$\text{Hektolitermassa} = \frac{\text{Massa (g) van koring in 500 m}\ell\text{-emmer}}{5}$$

(h) Herhaal die prosedure met dieselfde monster: Met dien verstande dat as die twee lesings verskil, die toets met 'n addisionele monster herhaal moet word en die bepalings van paragrawe (a) tot (g) is *mutatis mutandis* op daardie addisionele monster van toepassing.

Bepaling van persentasie horingagtige korrels

15. (1) Die persentasie horingagtige korrels word, in die geval van Klas Durumkoring, met behulp van 'n korrelsnyer soos volg bepaal:

(a) Vul die korrelsnyer se bakkie (mes in oop posisie) met Klas Durumkoring waaruit alle vreemde stowwe, sifsels en gebreekte korrels verwyder is en skud dit sodat die korrels die 50 gaatjies vul.

(b) Maak die bakkie met een hand toe op so 'n wyse dat die koring nie uitval nie en gebruik die ander hand om die korrels met die mes deur te sny.

(c) Maak die korrelsnyer oop en bereken die persentasie melerige korrels deur 1 persent vir elke korrel met een of meer melerige kolletjie en 2 persent vir elke korrel waarvan die helfte of meer melerig is bymekaar te tel.

(d) Herhaal die prosedure in paragrawe (a), (b) en (c) beskryf drie maal en bereken die gemiddeld van die drie bepalings.

(e) Trek die gemiddelde persentasie in paragraaf (d) verkry van 100 af.

(f) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie horingagtige korrels in die besending.

(2) Die korrelsnyer waarna daar in subregulasie (1) verwys word, moet 50 korrels op een slag in die breedte kan deur sny.

Bepaling van voginhoud

16. Die voginhoud van 'n besending koring kan volgens enige geskikte metode bepaal word: Met dien verstande dat die resultate aldus verkry in ooreenstemming (±0,3 persent) is met die resultate verkry deur die 72 uur oonddroogmetode [AACC ("American Association of Cereal Chemists") Metode 44/15A/1981].

Bepaling van proteïeninhoud

17. Die persentasie proteïen van 'n besending koring kan volgens enige geskikte metode bepaal word: Met dien verstande dat die resultate aldus verkry in ooreenstemming (±0,3 persent) is met die resultate verkry deur die Dumas ontbrandingsanalisemetode [AACC ("American Association of Cereal Chemists") Metode 46/30/1992].

Bepaling van valgetal in koring

18. (1) Die valgetal van 'n besending koring kan volgens enige geskikte metode bepaal word: Met dien verstande dat die resultate aldus verkry in ooreenstemming (±5 persent) is met die resultate verkry deur die ICC ("International Association for Cereal Chemistry") -Standaard No. 107/1 Goedgekeur: 1968, Hersien: 1995 metode.

(2) Indien die valgetal van 'n besending koring volgens die ICC ("International Association for Cereal Chemistry") -Standaard No. 107/1 Goedgekeur: 1968, Hersien: 1995 metode bepaal word, word—

(a) monsterneming en die bepaling van die voginhoud in genoemde metode met die wyse voorgeskryf in regulasies 9 en 16 onderskeidelik, vervang;

(b) slegs die waardes aangepas vir hoogte bo seevlak gebruik; en

(c) 'n maksimum afwyking van 30 sekondes toegelaat.

(3) Indien die valgetalwaarde van 'n besending koring in die geval van Supergraad, Graad 1 of Graad 2, laer as 250 sekondes is; of in die geval van Utiliteitsgraad, laer as 150 sekondes is, en alvorens 'n besending afgegradeer word,—

(a) moet 'n addisionele bepaling van valgetal op dieselfde werkmonster gedoen word;

(b) moet die gemiddelde valgetal bereken word;

(c) moet, wanneer die gemiddelde valgetal steeds laer as die voorgeskrewe minimum vir die betrokke graad is, 'n addisionele bepaling op 'n ander werkmonster gedoen word; en

(d) moet die gemiddeld van al die lesings as die valgetal van die betrokke besending geag word.

DEEL VI

BEPALING VAN PERSENTASIE AFWYKINGS

Bepaling van die persentasie sifsels

19. (1) Die persentasie sifsels in 'n besending koring word soos volg bepaal:

(a) Verkry duplikaatwerkmonsters van minstens 500 g elk.

(b) Plaas elke monster op 'n standaardsif in subregulasie (2) bedoel, sif die monster deur die sif 50 stote heen en weer, beurtelings weg van en terug na die hanteerder van die sif, te beweeg in dieselfde rigting as die lengte-asse van die openings van die sif. Beweeg met elke stoot die sif, wat op 'n tafel of ander geskikte gladde oppervlak rus, 250 mm tot 460 mm weg van en terug na die hanteerder. Die voorgeskrewe 50 stote moet binne 50 tot 60 sekondes voltooi word: Met dien verstande dat die sifproses ook op die voorgeskrewe wyse in een of ander houer of 'n outomatiese sifapparaat gedoen kan word.

(c) Bepaal die massa van die materiaal wat deur die sif gegaan het en druk daardie massa uit as 'n persentasie van die totale massa van die betrokke duplikaatwerkmonster.

(d) Indien die persentasies van die duplikaatwerkmonsters met meer as 0,5 persent verskil moet 'n addisionele bepaling op 'n ander werkmonster gedoen word en is die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) *mutatis mutandis* op die addisionele monster van toepassing.

(e) Bepaal die gemiddeld van die persentasies in paragraaf (c) of (d), na gelang van die geval, verkry.

(f) Sodanige gemiddeld verteenwoordig die persentasie sifsels in die betrokke besending.

(2) 'n Standaardsif is 'n handsif wat bestaan uit 'n gleufsif vervaardig van 0,8 mm aluminium met openings 1,786 mm (0,0703 duim) wyd en 12,7 mm (0,5 duim) lank, wat in 'n aluminiumpan met 'n soliede bodem pas en 330,2 mm tot 334 mm in deursnee is.

Erg rypbeskadigde korrels

20. Koring word as erg rypbeskadigde koring geklassifiseer indien die koring gedurende die melk- tot sagte deegstadium deur strawwe ryp beskadig is en daardeur gekenmerk word dat die korrels taamlik vet, maar heeltemal tot in die groef met klein blasies bedek is, maar uitgesonderd korrels waarin rypbeskadiging beperk is tot die rugkant van die korrel, en onryp gerimpelde koringkorrels waarin rimpeling deur koue veroorsaak is terwyl die korrels nog onryp was.

Bepaling van persentasie erg rypbeskadigde koring

21. Die persentasie erg rypbeskadigde korrels in 'n besending koring word soos volg bepaal:

(a) Verkry duplikaatwerkmonsters van minstens 25 g elk van 'n gesifte monster.

(b) Verwyder alle erg rypbeskadigde korrels met die hand en bepaal die massa van die erg rypbeskadigde korrels in elk van die betrokke duplikaatwerkmonsters.

(c) Druk die massa aldus bepaal uit as 'n persentasie van die totale massa van die betrokke duplikaatwerkmonster.

(d) Indien die persentasies van die duplikaatwerkmonsters met meer as 0,5 persent verskil moet 'n addisionele bepaling op 'n ander werkmonster gedoen word en is die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) *mutatis mutandis* op die addisionele monster van toepassing.

(e) Bepaal die gemiddeld van die persentasies in paragraaf (c) of (d), na gelang van die geval, verkry.

(f) Sodanige gemiddeld verteenwoordig die persentasie erg rypbeskadigde korrels in die betrokke besending.

Bepaling van persentasie ander graan en ongedorste are

22. Die persentasie ander graan en ongedorste are in 'n besending koring word soos volg bepaal:

(a) Verkry duplikaatwerkmonsters van minstens 50 g elk van 'n gesifte monster.

(b) Verwyder alle ander graan en ongedorste are met die hand en bepaal die massa van die ander graan en ongedorste are in elk van die betrokke duplikaatwerkmonsters.

(c) Druk die massa aldus bepaal uit as 'n persentasie van die totale massa van die betrokke duplikaatwerkmonster.

(d) Indien die persentasies van die duplikaatwerkmonsters met meer as 0,5 persent verskil moet 'n addisionele bepaling op 'n ander werkmonster gedoen word en is die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) *mutatis mutandis* op die addisionele monster van toepassing.

(e) Bepaal die gemiddeld van die persentasies in paragraaf (c) en (d), na gelang van die geval, verkry.

(f) Sodanige gemiddeld verteenwoordig die persentasie ander graan en ongedorste are in die besending.

Bepaling van persentasie vreemde stowwe

23. Die persentasie vreemde stowwe in 'n besending koring word soos volg bepaal:

(a) Verkry duplikaatwerkmonsters van minstens 100 g elk van 'n gesifte monster.

(b) Verwyder alle vreemde stowwe met die hand en bepaal die massa van die vreemde stowwe in elk van die betrokke duplikaatwerkmonsters.

(c) Druk die massa aldus bepaal uit as 'n persentasie van die totale massa van die betrokke duplikaatwerkmonster.

(d) Indien die persentasies van die duplikaatwerkmonsters met meer as 0,5 persent verskil moet 'n addisionele bepaling op 'n ander werkmonster gedoen word en is die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) *mutatis mutandis* op die addisionele monster van toepassing.

(e) Bepaal die gemiddeld van die persentasies in paragraaf (c) en (d), na gelang van die geval, verkry.

(f) Sodanige gemiddeld verteenwoordig die persentasie vreemde stowwe in die besending.

Beskadigde korrels

24. Koring word as beskadigde koring geklassifiseer indien die koring korrels of stukkies koringkorrels—

(a) deur insekte beskadig is;

(b) deur hitte van buite af of as gevolg van hitte deur binnegisting in koring met 'n oormaat vog duidelik verkleur is (bruin-swart of swart), uitgesonderd koringkorrels ten opsigte waarvan die verkleuring tot die kiem-end beperk is; en

(c) onryp is en 'n duidelike groen kleur het.

Bepaling van persentasie beskadigde korrels

25. Die persentasie beskadigde korrels in 'n besending koring word soos volg bepaal:

(a) Verkry duplikaatwerkmonsters van minstens 25 g elk van 'n gesifte monster vir die bepaling van beskadigde korrels, anders as hittebeskadigde korrels.

(b) Verwyder alle beskadigde korrels, anders as hittebeskadigde korrels, met die hand en bepaal die massa van die beskadigde korrels, anders as hittebeskadigde korrels, in elk van die betrokke duplikaatwerkmonsters.

(c) Druk die massa aldus bepaal uit as 'n persentasie van die totale massa van die betrokke duplikaatwerkmonster.

(d) Indien die persentasies van die duplikaatwerkmonsters met meer as 0,5 persent verskil moet 'n addisionele bepaling op 'n ander werkmonster gedoen word en is die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) *mutatis mutandis* op die addisionele monster van toepassing.

(e) Bepaal die gemiddeld van die persentasies in paragraaf (c) of (d), na gelang van die geval, verkry.

(f) Bepaal die som van die persentasies in paragraaf (e) en regulasie 26 (f) verkry.

(g) Sodanige som verteenwoordig die persentasie beskadigde korrels in die besending.

Bepaling van persentasie hittebeskadigde korrels

26. Die persentasie hittebeskadigde korrels in 'n besending koring word soos volg bepaal:

(a) Verkry duplikaatwerkmonsters van minstens 100 g elk van 'n gesifte monster.

(b) Verwyder alle hittebeskadigde korrels met die hand en bepaal die massa van die hittebeskadigde korrels in elk van die betrokke duplikaatwerkmonsters.

(c) Druk die massa aldus bepaal uit as 'n persentasie van die totale massa van die betrokke duplikaatwerkmonster.

(d) Indien die persentasies van die duplikaatwerkmonsters met meer as 0,2 persent verskil moet 'n addisionele bepaling op 'n ander werkmonster gedoen word en is die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) *mutatis mutandis* op die addisionele monster van toepassing.

(e) Bepaal die gemiddeld van die persentasies in paragraaf (c) of (d), na gelang van die geval, verkry.

(f) Sodanige gemiddeld verteenwoordig die persentasie hittebeskadigde korrels in die besending.

Bepaling van persentasie uitgeloopte korrels

27. Die persentasie uitgeloopte korrels in 'n besending koring word soos volg bepaal:

(a) Verkry duplikaatwerkmonsters van minstens 25 g elk van 'n gesifte monster.

(b) Verwyder alle uitgeloopte korrels met die hand en bepaal die massa van die uitgeloopte korrels in elk van die betrokke duplikaatwerkmonsters.

(c) Druk van die massa aldus bepaal uit as 'n persentasie van die totale massa van die betrokke duplikaat-werkmonster.

(d) Indien die persentasies van die duplikaatwerkmonsters met meer as 0,5 persent verskil moet 'n addisionele bepaling op 'n ander werkmonster gedoen word en is die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) *mutatis mutandis* op die addisionele monster van toepassing.

(e) Bepaal die gemiddeld van die persentasies in paragraaf (c) of (d), na gelang van die geval, verkry.

(f) Sodanige gemiddeld verteenwoordig die persentasie uitgeloopte korrels in die besending.

DEEL VII

Oortreding en strawwe

28. Iemand wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R8 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

ANNEXURE • AANHANGSEL

TABLE 1 • TABEL 1

Standards for grades of Class Bread Wheat, Class Biscuit Wheat and Class Durum Wheat • Standaarde vir grade van Klas Broodkoring, Klas Beskuitjiekoring en Klas Durumkoring

Nature of deviation Aard van afwyking	Maximum percentage permissible deviation (m/m) Maksimum persentasie toelaatbare afwyking (m/m)			
	Super Grade Super Graad	Grade 1 Graad 1	Grade 2 Graad 2	Utility Grade/ Utiliteits-graad
1	2	3	4	5
(a) Heavily frost-damaged kernels/Erg rypbeskadigde korrels ..... [Reg. 20 and/en 21]	15	15	15	30
(b) Screenings/Sifsels ..... [Reg. 19]	5	5	5	10
(c) Other grain and unthreshed ears/Ander graan en ongedorste are [Reg. 22]	1	1	1	4
(d) Gravel, stones, turf and glass/Gruis, klippies, turf en glas [Reg. 23]	0,5	0,5	0,5	0,5
(e) Foreign matter including gravel, stones, turf and glass: Provided that such deviations are individually within the limits specified in item (d)/Vreemde stowwe met inbegrip van gruis, klippies, turf en glas: Met dien verstande dat sodanige afwykings individueel binne die perke in item (d) gespesifiseer is ..... [Reg. 23]	1	1	1	3
(f) Heat-damaged kernels/Hittebeskadigde korrels ..... [Reg. 26]	0,5	0,5	0,5	0,5
(g) Damaged kernels including heat-damaged kernels: Provided that such deviations are individually within the limits specified in item (f)/Beskadigde korrels met inbegrip van hittebeskadigde korrels: Met dien verstande dat sodanige afwykings individueel binne die perke in item (f) gespesifiseer is	2	2	2	5
(h) Sprouted kernels: Provided that the minimum falling number value prescribed in regulation 6 (3) for the grade concerned at least be complied with/Uitgeloopte korrels: Met dien verstande dat minstens aan die minimum valgetalwaarde in regulasie 6 (3) vir die betrokke graad voorgeskryf, voldoen word ..... [Reg. 27]	2	2	2	5

Nature of deviation Aard van afwyking	Maximum percentage permissible deviation (m/m) Maksimum persentasie toelaatbare afwyking (m/m)			
	Super Grade Super Graad	Grade 1 Graad 1	Grade 2 Graad 2	Utility Grade/ Utiliteits-graad
1	2	3	4	5
(i) Deviations in items (g) and (h) collectively: Provided that such deviations are individually within the limits of the said items/ Afwykings in items (g) en (h) gesamentlik: Met dien verstande dat sodanige afwykings individueel binne die perke van genoemde items is	2	2	2	5
(j) Deviations in items (b), (c), (e) and (i) collectively: Provided that such deviations are individually within the limits of the said items/ Afwykings in items (b), (c), (e) en (i) gesamentlik: Met dien verstande dat sodanige afwykings individueel binne die perke van genoemde items is	5	5	5	10